Hoe om jou gebede te verbeter

Hierdie werkblad sal jou help om te kyk na die inhoud en kwaliteit van jou kommunikasie met God.

INHOUD

Kom jy agter dat jy altyd dieselfde dinge sê wanneer jy bid? As dit so is, probeer die volgende:

Skryf drie dinge neer waarvoor jy dankbaar is.

1. _____
2. _____
3. _____

"Wanneer ek vir Jehovah dankie sê, dwing dit my om te dink aan al die goeie dinge wat hy vir my gedoen het en word ek nog liewer vir hom. Ek waardeer ook die dinge wat hy vir my doen, nog meer."—Jeanette.

Skryf nou drie dinge neer wat jou ontstel.

1. _____
2. _____
3. _____

"Hoe meer ek Jehovah vertel het hoe ek voel, hoe minder het die probleme in my lewe my ontstel. Ek het hom as 'n ware vriend begin beskou."—Kiara.

Skryf drie mense se name neer wat jy weet deur 'n moeilike tyd gaan.

1. _____
2. _____
3. _____

"Dit is goed om te bid vir mede-gelowiges in ander lande wat deur moeilike tye gaan of dalk vir iemand wat naby jou woon en wat probleme ondervind."—Shelby.

Jy het nou net nege dinge opgenoem waaroor jy kan bid!

Wenk: ***"Dit help nogal as jy 'n lys maak van dinge waaroor jy kan bid. Lees dan deur hierdie lys voordat jy bid. Mettertyd sal daar meer dinge wees waaroor jy kan bid en dit sal makliker word om met Jehovah te praat oor enigiets wat jou pla."—Ciara.***

www.jw.org/af © 2017 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

KWALITEIT

Watter een van die volgende dinge in verband met gebed is vir *jou* die moeilikste?

DIEPTE
(Sien Hebreërs 5:7.)

GEREELDHEID
(Sien 1 Tessalonisense 5:17.)

LENGTE
(Sien 1 Samuel 1:12.)

Watter doelwit kan jy stel wanneer dit kom by jou gebede?

“Partykeer voel dit vir my asof my gebede oppervlakkig is. Al is dit vir my moeilik, werk ek hard daaraan om vir Jehovah te vertel hoe ek regtig voel.”—Lauren.

My doelwit: _____

“Ons het altyd tyd om teksboodskappe te stuur of ons vriende te bel. Maar die belangrikste ‘gesprek’ wat ons kan hê, is met Jehovah. Dit moet altyd eerste kom.”—Alana.

My doelwit: _____

“Dit is goed om jou tyd te vat wanneer jy bid. Want hoe meer jy dit doen, hoe makliker sal dit vir jou word om te sê wat in jou hart is.” —Teresa.

My doelwit: _____

www.jw.org/af © 2017 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

WENKE

Bid enige tyd

’n Tiener met die naam Maria sê: “Nou die dag het ek opgekyk na die mooi blou lug en dit het my gefassineer. Ek het daar en dan vir Jehovah dankie gesê vir sy pragtige skepping.”

Kry ’n stil plekkie

’n Tiener met die naam Kimberley sê: “Partykeer sit ek buite, en dan bid ek sommer vir Jehovah. Wanneer ek sy pragtige skepping kan sien, laat dit my nader aan hom voel. Dit is asof hy daar by my is terwyl ek vir hom bid.”

Stil plekke waar ek kan bid:

_____

_____

_____

Lees gebede in die Bybel

’n Jong vrou met die naam Helena sê: “Dis wonderlik om die Psalms te lees. Dit help my om te sien hoe ander mense met Jehovah gepraat het. Ek wil ook soos hulle vryelik met Jehovah praat.”

Gebede in die Bybel wat my inspireer:

_____

_____

_____

www.jw.org/af © 2017 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania